

## Toetrede

### Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

## Woorddiens

### Tema: Watter waarheid soek jy? Leef jy?

### Skriflesing: Johannes 18:33-37 (1953)

<sup>33</sup> Pilatus gaan toe weer in die goewerneur se paleis en roep Jesus en sê vir Hom: Is U die Koning van die Jode?

<sup>34</sup> Jesus antwoord hom: Sê u dit uit uself, of het ander u dit van My gesê?

<sup>35</sup> Pilatus antwoord: Is ek dan 'n Jood? U volk en die owerpriesters het U aan my oorgelewer. Wat het U gedoen?

<sup>36</sup> Jesus antwoord: My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie.

<sup>37</sup> Pilatus sê toe vir Hom: Is U dan tog 'n koning? Jesus antwoord: U sê dat Ek 'n koning is. Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na my stem.

### Broodjies vir die pad

#### Kersfees

Kersfees slaan benouend op my toe,  
beklem my met ongekende ang, s,  
beleër my van alle kante  
met koggelblink versierings  
en luide kamma-kerslied klank.

Ek wil dit hierdie jaar ontvlug,  
of beter nog: sommer net  
wegsmelt tot onopsigtelike niks.  
Miskien dit bloot laat oorstaan  
tot volgende jaar, tot ek  
miskien meer weerbaar  
teen hierdie aanslag is.

Maar Kersfees kom onstuitbaar,  
jaarliks afgemeet, taktloos op my af.  
En keuseloos moet ek soos altyd  
die kersresep stapsgewys deurdruf:  
geskenke koop, 'n feesmaal berei,  
my masker opsit wat uiterlik glimlag.

Maar my hart bly dié keer onaangeraak  
deur die Bethlehemskind-belofte van lewe.  
(Marlene Pauw)

Kersfees het vir baie mense 'n turksvy geword. By 'n onlangse Grey Matters-bespreking was daar algemene instemming met die gedig hierbo.

Tog wil ons Kersfees behoue laat bly - maar dan op die manier van ons kinderdae, wat ons meestal nostalgies in die geheue oproep. Een onthou die stuk lint wat haar ma oral deur die tuin versteek het, om die kinders na 'n groot gesoekery uiteindelik by hul presente te laat uitkom. Die ander bieë oor hoe warm om die hart sy voel omdat haar skoonogter vertel dat haar (nou volwasse en ver) seun altyd na die koue Kersmaal op sy ma se Kerstafel verlang.

Die probleem met Kersfees is dat ons die magiese, die misterieuse, die wonderlik verrassende element van hoe ons dit altyd gevier het, verloor het. Dit mis ons, maar ons voel onself magteloos voor die tweemaande-lange aanslag op ons sintuie: van advertensies vir elke nodige en onnodige ding, tot selfs die Kerskonserte wat van Oktober af op ons afreën, sodat mens op Kersoggend sukkel om Stille Nag met diep belewenis te sing.

Ons koop gedweë hamme en kalkoene wat nooit enige ander tyd van die jaar op ons kostafels verskyn nie. Ons koop en koop, asof dit 'n voorvereiste is in die Feestyd. Maar daardie ou opgewondenheid wil nie kom nie. Kersfees het in die wyer moeras van materialisme verstrengel geraak en nou word dit doodgesmoor deur Te Veel. Te veel van alles.

Gelukkig kan mens Nee se vir hierdie dwingelandy en kies om jou ganse lewe, soos jou viering van Kersfees, terug te voer na eenvoudiger, meer deurdagte en meer oorspronklike maniere van verkeer met mekaar.

As ons beter wou luister, sal dit duidelik word wie 'n uitnodiging om saam te eet op Kersdag sal verwelkom - omdat hulle kinders ver is, of hulle trek, of hy of sy vanjaar die eerste keer alleen sal wees. As jy mooi dink, gaan jy gou aan vyf mense dink wat baie bly sal wees om 'n klein tuisgebakte Kerskoekie of -poedinkie te kry, of 'n botteltjie self ingelegde vye, eerder as nog 'n onwelkome badolie.

Die luister van Kersfees? Dalk is die geheim so eenvoudig soos om net 'n slag behoorlik na 'n medemens te luister.

### Brood vir die pad

#### Ode aan 'n Mossie

*Wicus Luwes*

Daar is vir my niks mooier as mossies wat in 'n waterplas op 'n sypaadjie bad nie. Dit maak nie saak of die waterplas vir die bad uit 'n ou geroeste waterpyp of geut of miskien as oorblyfsel van 'n reënbui kom nie. Dit is pragtig om te sien hoe die klein voëltjies die water van hul vere afskud. Die klein mossies wat deur die water hop en sku wegvlieg na die naaste tak of balkon as jy durf nader kom, is die eerste ding wat ek in die oggend wil sien.

Ek het 'n paar jaar gelede in 'n tuinwoonstel gebly waar die badkamervenster uitgekyk het oor 'n paar mossies wat elke oggend kom kyk het of ek dalk 'n paar krummels laat val het. Die mossies was ook dikwels redelik geniepsig. Hul het maklik kos uit die ander se bek gesteel en die oorlewing van die sterkste was duidelik die dryfveer vir die groep.

Natuurlik vind ek die majestieuse arend, valk of pragtige papegaai aantreklik, maar my hart lê maar by die mossie. Aan die een kant sê die beteweteriges dat teenpole mekaar aantrek en geleerdes reken weer dat jy resoneer met sekere karaktertrekke van die dinge waarvan jy hou. Anders gestel: jy pas in by dinge wat jou pas of miskien pas jy aan by dinge wat jou pas. Ek wonder daarom noodgedwonge watter eienskappe van die mossie ek in my onderbewussyn wegsteek. Dit is miskien mossies se eenvoud waarvan ek hou. Hulle is nie mooi voëltjies nie en nie bekend vir hul sang nie. Die meeste van hul trek nie regtig ver in die winter nie. Die bietjie wat ek nou al oor hul gelees het, suggereer dat die naam van mossie met 'n wye vlerk oor 'n menigte voëltjies spreid. Hul oorlewingsvermoë berus daarop dat hul in groepe beweeg. Hul bly naby mense of in areas waar landboubedrywighede plaasvind.

*“Not a whit, we defy augury. There is special providence in the fall of a sparrow. If it be now, 'tis not to come; if it be not to come, it will be now; if it be not now, yet it will come—the readiness is all. Since no man, of aught he leaves, knows what is 't to leave betimes, let be.”*  
– uit Hamlet van William Shakespear

Daar is 'n geliefde Franse sangeres met die bynaam 'die klein mossie'. Dit is natuurlik die sangeres, Edith Piaf. Volgens legende is sy op die sypaadje in Rue de Belleville 72 in 1915 gebore. Haar geboortsertifikaat gee haar geboorteplek aan as Hôpital Tenon. Haar moeder het haar verwerp en sy het vir 'n kort rukkie by haar ouma aan moederskant tuis gegaan. Met haar vader se deelname aan die Eerste Wêreldoorlog, het sy by haar ouma aan vaderskant gaan bly. Haar ouma het 'n bordeel in Normandië bedryf en sy het in die bordeel grootgeword. Op veertienjarige ouderdom het sy saam met haar vader akrobatiese toertjies op straat gedoen om aan die lewe te bly. Kort daarna het sy en Simone “Mômone” Berteaut 'n lewe begin maak deur op straat te sing en akrobatiese toertjies uit te voer.

Dit was in 1931 dat 'n nagklub-eienaar, Louis Leplée, haar onder sy vlerk geneem en haar op die pad na bekendheid geplaas het. Hy het Piaf in die kenmerkende swart rok laat sing en haar die bynaam van 'die klein mossie' gegee. Leplée is egter vermoor en Piaf is as medepligtige ondersoek. Sy is ook na die Tweede Wêreldoorlog daarvan verdink dat sy met Nazi-Duitsland saamgespan het, maar foto's van haar optredes in oorlogskampe en ander getuienis het tot haar voordeel getel. Die mossie se eiesoortige sjarme en stem het haar in die harte van Frankryk en die wêreld nes laat skrop.

**Piaf**  
deur Carina van der Walt

die mossies van Parys  
lewe 'n sekondetiek lank  
van die krummels  
van die baie mense  
op die somerse terrasse

padam padaam padam  
kort is hulle lewe & vaal  
padam padaam padam  
min hulle waarde in swart  
padam padaam padam

hulle hop-hop liggies  
van tafels na stoele na  
sypaadjies tussen voete  
van al die baie mense  
op die somerse terrasse

padam padaam padam  
lank was haar lewe & lyding  
padam padaam padam  
veel haar waarde in swart  
padam padaam padam

die mossie van Parys  
was so eenders & so anders  
as die mossies van Parys

My geskiedenis-onderwyseres het vir my op skool die stelling “as Parys nies, het die hele Europa verkoue” geleer. Dit is nog moeilik om sin te maak uit die 13 November 2015 aanvalle op Parys. Tyd sal leer of die Europese verkoue in iets ergers gaan ontwikkel. Ek kan myself nie eers die emosies van die gesinne wat geliefdes in die aanvalle verloor het, indink nie. Terreur is 'n oorlog sonder uniform en sonder grense. Die tyd wat voorlê vir Frankryk en Europa gaan 'n bitter moeilike tyd wees.

Miskien sal Parys soos 'n feniks uit die as verrys, maar as dit die voorbeeld van 'n Edith Piaf sou volg, sal dit miskien eerder soos 'n mossie uit die stof opstaan. Dit sal ongemerk bly voortbestaan en doen wat gedoen moet word om te oorleef. Terwyl die valke, arende en aasvoëls in die kollig is, sal die mossie se vaal gewaad hom dalk beskerm. Die klein diertjie vlieg nie weg in die wintermaande nie en weet hoe om in die koue tye te oorleef. Lank lewe die mossie! Lank lewe Frankryk!

*Is twee mossies nie vir 'n sent te koop nie? En tog sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van julle Vader nie.*  
– Matteus 10:29

Gedeelte uit His Eye Is On The Sparrow  
– deur Civilla D. Martin & Charles H. Gabriel

Whenever I am tempted; whenever clouds arise;  
When songs give place to sighing; when hope within me dies;  
I draw the closer to Him; from care He sets me free;  
His eye is on the sparrow and I know He watches me.  
His eye is on the sparrow and I know He watches me.

I sing because I'm happy;  
I sing because I'm free;  
His eye is on the sparrow  
And I know He watches me...

<http://versindaba.co.za/2015/11/15/wicus-luwes-ode-aan-n-mossie/>